

PJ Kriel

19.01.2014

1. Lied 199: 1,2,3

Evangelielezing: Efesiërs 1:3-14

Genadetoeseegging en oproep tot geloof

Elkeen wat onder die een Hoof Christus verenig is deel in al die seëninge van die Gees. Daarom glo ons aan die kerk as die gemeenskap waarin ons deel en waarin ons die verbondsbeloftes ontvang as seëninge van die Gees: werklik deur Christus vervul en deel van ons lewe maak.

Kom ons glo ons redding as ons vereniging met Christus en sy kerk.

2. Ps. 98 1,2

Nuwe wet en oproep tot geloofsgehoorsaamheid: Efesiërs 4:25 – 5:5

Elkeen wat in Christus vergewe is, kan onbevrees met liefde vra na wat God se wil in sy wet vir my elke dag in my lewe beteken.

3. Ps. 119: 1,2,5

Skriflesing: Efesiërs 5:21-32

4. Lied 532: 1,2,3

PJ Kriel

19.01.2014

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen ons verbintenis met Christus as vereniging en as verhouding. Christus verenig ons met wie Hy as mens in die hemel is en só deel ons in wie Hy is en Hy in wie ons is. In afgodsdienste is die verbintenis met Christus 'n intiem persoonlike verhouding, nie 'n vereniging nie. In hierdie identiteitsverhouding met Christus word die liefde met God vernietig en verplaas met sonde. So word die intiem persoonlike verhouding die grondslag van en vir alle disfunksionele menseverhoudings asof dit liefde is terwyl dit nie is nie.

Skriflesing: Efesiërs 5:21 – 32

Teks: Efesiërs 5:32,33: *“³²Hierin lê daar 'n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en die kerk. ³³Maar dit is ook op julle van toepassing.”*

Tema: Ons leef in vereniging met Christus, nie in verhouding met Hom nie

1. Die geheimenis van ons verbintenis met Jesus Christus is dat dit nie 'n verhouding is nie, maar 'n vereniging.

Dit is ook die geheimenis van die verbintenis wat God as die huwelik skep. Die verbintenis van man en vrou in 'n huwelik, is nie 'n verhouding nie, dit is 'n vereniging.

Dit geld ook vir elke verbintenis wat God skep tussen mense. Burgers en owerheid word verenig as staat, onderneming en werknemer word verenig in arbeid, en skool en onderwyser word verenig in opvoeding.

2. Ons kan die verskil tussen 'n verhouding en 'n vereniging toelig met die verskil tussen dit wat in die wetenskap beskryf word as die verskil tussen 'n oplossing en 'n emulsie, of mengsel.

'n Oplossing word gevorm wanneer jy twee verskillende stowwe soos suurstof en waterstof bymekaarbring en hulle met mekaar reageer om 'n verbintenis te vorm met mekaar waardeur hulle 'n totaal nuwe stof vorm: water!

Twee gasse, waterstof en koolstof, reageer met mekaar en dit word in 'n verbintenis met mekaar totaal iets anders: 'n vloeistof.

Suurstof bly suurstof en waterstof bly waterstof. Die hegting, en die manier waarop hulle met mekaar heg, verenig, maak dat hulle in die wyse waarop hulle verenig is, iets heeltemal nuuts is.

Wat is 'n emulsie?

Dit is wanneer twee verskillende stowwe soos water en olie met mekaar meng. Jy kan hierdie twee stowwe skud totdat hulle in verskriklike klein deeltjies opbreek en die twee stowwe in mekaar opgaan en 'n nuwe salwerige voorkoms kry. Dit lyk selfs anders as water en olie.

Maar dit is en bly egter net water en olie wat met mekaar gemeng is. As dit nie aanmekaar geskud word nie, dan skei altwee stowwe weer uit mekaar en is dit net weer afsonderlik water en olie.

Daar word nooit iets anders en nuuts gevorm nie, want daar vind geen hegting of wisselwerking tussen mekaar plaas nie. Daar vind nooit 'n vereniging tussen water en olie plaas nie. Hulle word net in mekaar opgebreek.

3. Ons verbintenis met Christus is 'n vereniging, nie 'n verhouding nie. Dit is hoe Paulus dit in Efesiërs 5:21-32 beskryf:

“Die Here Jesus is vandag nog steeds mens na liggaam, siel en gees in die hemel. Hy is as mens volgens die liefdes-eis van die wet van God sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik.” (vers 27)

4. Die gawe van die Heilige Gees wat die Here aan ons gee, verenig ons met Christus as mens in die hemel. Dit is die “diep geheimenis” waarna Paulus verwys in vers 32 en 33.

Tussen ons as mens en Christus in sy menswees, vind daar 'n hegting plaas: ons word ingesluit en deel in wie Hy as mens vir God is: sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik.

Hy word ingesluit in wie ons voor God is, volgens die eis van die liefde: dit is wat die aflegging van sy lewe beteken. Hy het nie in die loon van sy lewe geleef nie, maar dit vir ons afgelê. Hy voed en versorg ons deur ons lewe in sy bevlektheid, verkreukeldheid, onheiligheid en berispelikheid, op Hom te neem, en die sondaar in God se oordeel te wees.

Dit is die wisselwerking wat in hierdie hegting deur die Heilige Gees gebeur as die diep geheimenis tussen ons en Christus.

Ons sonde is sy sonde en Hy is die gestrafte, veroordeelde en verwerpte sondaar in ons plek. Dit is hoe Hy sy lewe aflê.

Ons is sy vlekloosheid, heiligheid en onberispelikheid voor God. Dit is hoe Hy ons aan God toewy.

5. In hierdie vereniging tussen ons en Christus word Christus en ons totaal iets anders. Ons word die kerk, sy liggaam: gereinig en geheilig in ons liefde vir God. Hy word die Hoof van sy liggaam, ons sy kerk. Here wat ons versorg en voed.

6. Hierdie hegting, ons vereniging met Christus, is totaal iets anders as 'n verhouding met God.

'n Verhouding met God gaan oor gevoelens, gesindhede, houdings, voor- en afkeure, en dikwels net oor behoeftes en begeertes wat tussen mense en God sou wees.

In hierdie verhouding vind daar geen hegting met Christus in sy menswees vandag plaas nie. Hierdie diep geheimenis van die werking van die Heilige Gees ontbreek in hierdie soort verhouding met God.

7. Paulus wys dat hierdie geheimenis dat God 'n vereniging tussen mense en Christus skep waarin hulle iets nuuts is, Hoof en liggaam, kerk van die Here Jesus Christus, nie net die diep geheimenis van God se handeling met sy kerk is nie.

Dit is die diep geheimenis van die Here se handeling met die hele lewe.

Die geheimenis van menslike verbintenisse as skepping van God, is dat Hy self in 'n skeppingsdaad mense verenig in 'n nuwe instelling, waar hulle meer en iets anders is as net mense wat met mekaar onderlinge verhoudinge het.

Paulus wys dit in een voorbeeld uit: die vereniging van man en vrou.

Waar 'n man en vrou hulleself aan mekaar gee om een lewe, een toekoms, een tuiste en een inkomste liggaamlik en in liefde te deel, skep God 'n vereniging tussen man en vrou, verbind Hy hulle in 'n hegting waarin die eenheid en wisselwerking in hierdie hegting hulle meer laat wees, en nuut en anders maak, as net twee mense in 'n verhouding. God skep die huwelik as 'n nuwe instelling in hierdie hegting.

Daarom is die huwelik nie maar net houdings en gesindhede tussen twee mense nie, dit is 'n vereniging van 'n man en 'n vrou op so 'n wyse dat hulle in 'n huwelik is.

8. Hoe word 'n mengsel 'n mengsel, en hoe bly dit 'n mengsel?

God en mens moet so geskud word dat hulle as God en mens so opgebreek word dat hulle in mekaar opgaan en meng.

God is nie meer God in homself nie, Hy kom as God binne-in mense in, breek in sy Godheid in mense op en word God binne-in mense.

Mense is nie meer net mense in hulleself nie. Hulle moet in hulle menswees opbreek, hulle moet hulleself prysgee, hulle eie menslikheid verloën en in hulle menswees moet hulle die offer bring om as mense niks te wees nie, sodat hulle binne-in God kan inmeng.

Wat is hierdie mengsel? God en mense binne-in mekaar?

Dit is maar net God en mense wat binne-in mekaar opgebreek is en met mekaar gemeng is. Dit is niks anders en niks nuuts nie, al probeer mense dit as die groot verandering, die groot wedergeboorte, die nuutheid, herlewing en opwekking tussen God en mens voorhou.

In hierdie mengsel van God en mens wat in mekaar opbreek en in mekaar opgaan, vind daar geen hegting tussen Christus en mense plaas nie. Is daar geen wisselwerking tussen Christus en mense nie. Is mense net wat hulle is, en word hulle nie die liggaam van Christus, die kerk, nie, en verbind hulle nie aan die Hoof, Jesus Christus as Here, nie.

Al glo mense hierdie mengsel is die wonderlikste ding wat nog ooit met hulle gebeur het!

9. Wie dan in so 'n mengselverbintenis met God leef, wil ook met mense in so mengselverbintenis leef!

Hulle wil in mekaar opgebreek word en in mekaar opgaan!

Mense word in mekaar opgebreek en gaan in mekaar op, hulle bly saam, isoleer hulleself van die openbare gemeenskap, leef in mekaar en leef hulleself uit deur mekaar, sonder dat daar ooit die hegting gebeur of geglo word. In so 'n verhouding word 'n man en vrou verenig as eggenote, "man and woman" verenig as "husband and wife", sonder dat die vereniging met mekaar in 'n nuwe instelling, "die huwelik", as skeppende daad aanvaar of geglo word.

Daarom hoef mense volgens hierdie mengsel van mekaar, om in mekaar op te breek en op te gaan, nie net eenheid te vind in die hegting tussen 'n volwasse man en vrou nie: kinders glo en ervaar seks as tieners as die ware bedoeling van liefde; volwassenes probeer hierdie mengsel in kinders vind en mans en vrouens probeer dit in hulle eie geslag vind. En alles word nou "huwelike" omdat dit nou net "verhoudings" is: net gesindhede, gevoelens en persoonlike voor- of afkeure.

10. Dit gebeur in hierdie mengselverhouding met God nie net met die vereniging van God van man en vrou in die huwelik nie.

Die geheimenis van die lewe wat God skep en laat werk soos Hy dit bedoel, is dat God hierdie vereniging in elke instelling skep.

God verenig mense as burgers en leiers in die vaste hegting van onderdane en owerheid in 'n staat. Hierdie vereniging is 'n daad van God wat die mens in 'n vaste instelling tot mekaar verbind soos God dit laat werk en bedoel.

God verenig volwassenes en kinders in 'n gesin waarin die volwassenes ouers is en die kinders "kind" is en vir altyd "kind" bly. Die gesin is 'n verenigingsdaad van God waarin Hy gesinne vorm as 'n vaste instelling en laat werk soos God gesinne laat werk.

God verenig mense as werknemers en werkgewers in 'n vaste hegting as arbeidsinstelling en -onderneming.

11. In elkeen van hierdie hegtings, en binne die wisselwerking van hierdie hegtings, bly elke mens die persoon wat God hom of haar gemaak het, maar in hierdie vereniging is hulle totaal iets anders en nuuts vir mekaar in 'n nuwe instelling wat die skeppende daad van God is: gesin, huwelik, staat en onderneming.

En hierdie instellings is totaal iets anders as net mense wat met mekaar verhoudings het. Binne hierdie instellings is mense eggenotes, ouers en kinders, burgers en owerheid en werknemer en -gewer. Hierdie instellings werk soos God dit laat werk, en nie maar net soos mense se begeertes en verhoudings werk nie.

12. Wie in Christus die geheimenis van 'n vereniging met Hom in sy menswees ontdek het waarin Hy ons sondigheid is en ons sy heiligheid en regverdigheid is, sodat ons in ons vereniging totaal iets nuuts is – die kerk, Hy die Hoof en ons die liggaam – ontdek hierdie geheimenis van God se werking deur sy Skepper-Gees in die hele lewe.

God heg ons in 'n verbintenis waarin ons meer is as net mense wat met mekaar verhoudings sluit en verhoudings het. God heg ons in 'n nuwe instelling waarin ons in 'n nuwe wisselwerking met mekaar saam die staat is, saam gesin is, saam 'n huwelik is en saam 'n onderneming is.

Wie die Here so glo in hierdie herskeppende vereniging om kerk te wees en in sy skeppende vereniging staat, gesin, huwelik en onderneming te wees, is innerlik toegewyd en diensbaar aan mekaar en die Here, in en uit geloof in hierdie hegting: ons liefdesdiens en liefdestoewyding is vir God in alles heilig, sonder vlek of rimpel!

13. 'n Oplossing is nie maar net dieselfde as 'n mengsel nie!

Waterstof en suurstof wat met mekaar reageer en verbind, is nie maar dieselfde as water en olie wat meng nie!

Die verskil is dat 'n oplossing 'n vaste hegting is, en dat 'n mengsel maar net die opbreek van mekaar, en opgaan van mekaar in mekaar is, sonder enige hegting. As jy 'n mengsel nie aanhou skud nie, dan sak altwee weer uit mekaar uit.

Dit is die misgissing oor God en mense waarin ons vandag leef.

Mense wil nie meer in 'n vereniging met Christus leef nie, maar sommer net in 'n verhouding. Dit is hierdie ontkenning van 'n vereniging met Christus wat maak dat mense ook sommer sonder kerk, en baiekeer met 'n vyandige gesindheid teen alles wat kerk is, glo hulle het 'n "persoonlike verhouding" met God.

Dat die vereniging met Christus in sy menswees vandag hulle onlosmaaklik verbind tot die nuwe instelling van die Here, sy kerk waar Hy Hoof en ons liggaam is, glo hulle nie en vervang dit sommer met selfgeorganiseerde groepies na begeerte en willekeur, net soos wat hulle sommer 'n verhouding met God het volgens gesindheid, houding, voor- en afkeur.

14. Ons moet hierdie oplossing wat die Here skep, goed kan onderskei van hierdie mengsel wat mense tussen hulle en God laat gebeur.

Wie sy vereniging met Christus in sy menswees in die hemel aanvaar en glo, ken homself in sy liefde volgens God se wet as geheilig en geregverdig. Weet sy liefde vir God volgens God se wet vir hoe menslike liefde vir God en mens moet wees, is vir God geheilig en toegewy in hierdie vereniging waar Christus vir altyd al ons sonde was, en ons nou vir altyd sy heiligheid en regverdigheid as mens vir God is.

Wie hierdie vereniging glo, glo aan die kerk: 'n vaste verbintenis en hegting waar Christus Hoof is, nie as leier of voorbeeld nie, maar Hoof as die versorger en voeder

van die kerk met alles wat Hy in ons plek vir ons is. En ons glo aan die kerk deur te glo ons is sy liggaam – alles wat ons is, is ons deur ons vereniging met Christus.

Hierdie is God se “oplossing”: kerk! Christus en ons verenig.

Mense is besig om vandag in die plek van hierdie “oplossing” elkeen hulle eie mengsel van God en mens te maak.

Volgens elke menslike begeerte word mens en God in mekaar opgebreek en gaan hulle in mekaar op. Wil mense met God opgeskud word sodat hulle hulleself as binne God kan ervaar, en God in hulle.

En soos hulle God en hulleself in mekaar opbreek en in mekaar opgaan, so breek hulle mense: mense word volgens hulle begeertes in hulle opgebreek, en hulle wil dat hulle met mekaar in hierdie begeertes gemeng word.

15. Wat is die uiteinde?

Mengsels sak uitmekaar!

Elke mengsel van God en mens sak uitmekaar as dit nie aanhoudend geskud word nie. Daarom moet hulle elke keer met 'n nuwe godservaring geruk word, met 'n nuwe herlewing of vernuwing geskud word. Want wanneer hulle en God nie die hele tyd met mekaar en deurmekaar geskud word nie, sak alles weer uitmekaar. Word hulle die goddeloses wat hulle in hulleself is, en word die godsbeeld waarin hulle opgaan, net weer 'n dooie godsbeeld.

En so leef hulle ook met mekaar!

Alles is vir hulle net persoonlike verhoudings volgens persoonlike begeertes. Solank hulle persoonlike begeertes bevredig word sal hulle saambly, die regering van die dag aanvaar, hulle kinders of ouers verdra en by 'n onderneming bly werk.

Maar sodra hulle nie in hulle persoonlike begeertes bevredig word nie, is saambly verby, ontken hulle die staat, verlaat hulle hulle ouers of kinders en probeer hulle die werksonderneming vernietig.

16. Wie hulleself as lede van die liggaam van Christus, sy kerk, gevind het, leef in elke vereniging wat die Here skep, toegewyd en diensbaar met die geloof in die diep geheimenis van God: God verenig ons om in ons vereniging iets nuuts en anders te wees as net die verhouding wat ons met mekaar het.